



VAK EN GRAAD	SOSIALE WETENSKAPPE – GRAAD 9 GEOGRAFIE		
KWARTAAL 4	Week 3 – Les 3		
SKAKEL MET ONDERRIG – EN ASSESSERINGSPLAN	<b>ONDERWERP: Oppervlakkragte wat die aarde vorm</b> (Fisiese Geografie) <b>Inhoud en konsepte:</b> Kenmerke van erosie en afsetting langs die rivier se loop		
DOEL VAN LES	<b>Jy moet weet:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Die definisie van die konsepte erosie en afsetting.</li><li>• Wat is die rivier se loop?</li><li>• Die elemente van die rivierloop.</li><li>• Die kenmerke van riviererosie en rivierafsetting en hoe gebeur dit.</li></ul>		
INLEIDING	Jy moet weet van die vorige grade*/huidige graad**/vorige lesse***:		
VAARDIGHEDE	<b>Jy moet in staat wees om:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• Tussen erosie en afsetting te kan onderskei.</li><li>• Die verskillende erosie en afsettingsprosesse vanaf bronne te kan identifiseer en te herken.</li><li>• Om vanuit bronne tussen erosie en afsettingsprosesse te kan onderskei.</li><li>• Beskryf en verduidelik die verskillende tipes erosie en afsettingsprosesse.</li><li>• Lees en vertolk bronne om datarespons vrae te beantwoord.</li><li>• 'n paragraaf te skryf om enige erosie en afsettingsproses te verduidelik.</li></ul>		
BRONNE (waar nodig)	<b>Papier gebaseerde bronne</b>	<b>Digitale bronne</b>	
	<ul style="list-style-type: none"><li>• Les op bladsy 2</li><li>• Aktiwiteit op bladsy 3</li><li>• Handboek*: Kenmerke van erosie en afsetting langs die rivier se loop</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Video: The long river profile <a href="https://www.youtube.com/watch?v=8JM71mcw_LI">https://www.youtube.com/watch?v=8JM71mcw_LI</a></li><li>• Video: What types of landforms are made by rivers <a href="https://www.youtube.com/watch?v=XJ_FNS8Z_ek">https://www.youtube.com/watch?v=XJ_FNS8Z_ek</a></li><li>• Video: How a waterfall is formed <a href="https://www.youtube.com/watch?v=iJzge07mcs">https://www.youtube.com/watch?v=iJzge07mcs</a></li><li>• <a href="https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box">https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box</a></li></ul>	
AKTIWITEITE/ASSESSERING KONSOLIDASIE	<b>Voltooi die:</b> <ul style="list-style-type: none"><li>• aktiwiteit vir hierdie les op bladsy 3</li><li>• bykomende aktiwiteite in jou handboek.</li></ul>	<b>KONSOLIDASIE</b>	Antwoorde en terugvoer oor die leerdertaak

## Kenmerke van erosie en afsetting langs 'n rivierloop

<b>Die rivierloop</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Rivier vloei vanaf die oorsprong na die mond (gewoonlik vanaf berge na die see).</li> <li>• Die rivier vervoer rotse en ander materiaal stroomaf.</li> <li>• Hierdie materiaal erodeer die rivierkanaal en verlaag die landskap.</li> <li>• Die riviervrag word afgeset sodra die vloei stadiger word en die gradiënt geleidelik is.</li> <li>• Beide die erosie en afsettingsprosesse sal nuwe landvorme vorm.</li> </ul>		
<b>Bo-aansig van die rivier saam met kontoere</b>  A = oorsprong  B = mond			
	<b>Boloop</b>	<b>Middelloop</b>	<b>Benedeloop</b>
<b>Lengte aansig (kantaansig)</b>			
<b>Dwarssnit (dui die vorm van die riviervallei aan)</b>			
<b>Illustrasie van elke loop</b>			
<b>Valleivorm</b>	Diep, smal "V" vormig	Wyer, "U" vormig	Wyd en gelyk
<b>Gradiënt</b>	Baie steil - steil	Minder steil, meer geleidelik	Baie geleidelik
<b>Riviervloei</b>	Turbulent en vinnig	Minder turbulent, laminêr op plekke	Laminêr en stadig
<b>Werk verrig deur die water</b>	Vertikale erosie (afwaarts)	Laterale erosie is dominant oor vertikale erosie	Baie min erosie, hoofsaaklik afsetting
<b>Landvorme</b>	Styl valleikante Maalgate Stroomversnellings Waterfalle	Wyer vallei Meanders (rivierkronkels)	Wye vallei (vloedvlakte) Wye meanders Hoefystermere Levees (rivierdyke) Deltas

Saamgestel deur Andre Jacobs

## Leerder assesseringstaak: Kenmerke van erosie en afsetting langs die rivierloop

GEBRUIK DIE INLIGTING OP BLADSY 3 EN JOU HANDBOEK OM DIE VOLGENDE TAAK IN JOU WERBOEK TE VOLTOOI.

1. Noem die drie dele van 'n rivier
2. Beskryf die erosie aktiwiteit wat voorkom in die
  - 2.1 Boloop van 'n rivier
  - 2.2 Middelloop van 'n rivier
  - 2.3 Benedeloop van 'n rivier
3. In 'n paragraaf van ses reëls verduidelik die verband tussen die valleivorm, gradiënt, riviervloei en werking van water in die benede loop van die rivier.
4. Pas die volgende kenmerke met die spesifieke rivierloop waar dit sal voorkom.
  - 4.1 Maalgate
  - 4.2 Hoefyster meer
  - 4.3 Stroomversnellings
  - 4.4 Waterval
  - 4.5 Vloedvlakte
5. Gebruik jou handboek of enige ander bron en teken a ge-annoteerde skets om te verduidelik hoe 'n waterval vorm.
6. Teken 'n skets om die valleivorm van die boloop en benedeloop te wys.
7. Gebruik jou handboek of ander bronne en bestudeer die vorm en elemente van rivierkronkels (meanders). Teken 'n ge-annoteerde skets van die dwarsnit van die rivierkronkel wat die volgende aanwys:  
Stadige watervloei, vinnige watervloei, erosie, afsetting, buite oewer, binne oewer, glyoewer, stootoewer, rivierkrans
- 8 Self studie  
Gebruik verskillende bronne en skryf kort aantekeninge (drie kolpunte) oor die volgende landvorms
  - Steilkantige valleie
  - Maalgate
  - Stroomversnellings
  - Meanders
  - Vloedvlakte
  - Hoefystermeer
  - Levees (oewerwalle/rivierdyke)
  - Deltas

